# HOE DIE TRANSVAALSE BOER DIE BANTOE GESIEN HET *

1

As daar gelet word op die terminologie ten opsigte van die Bantoe gedurende die twintigste eeu, word daar gevind dat 'n moderne Afrikaanse woordeboek die woord „Kaffer" verklaar as 'n „algemene naam vir 'n lid van die Bantoeras".[1] Daar word verder aangegee dat „kaffer", 'n „minagtende skeldnaam" is, „kafferbees", 'n „minderwaardige" beestipe, „kafferblits", 'n „goedkoop brandewyn", „kafferpak", 'n „oorweldigende nederlaag". In die volksmond van die twintigste eeu leef nog uitdrukkings soos: „Hy behandel my soos 'n kaffer"; of „Hy gedra hom soos 'n kaffer", om maar enkele te noem.

Die woord „kaffer" word deur een blanke teenoor 'n ander gebruik om „vernedering" aan te dui. Dit is dus duidelik dat daar 'n stigma kleef aan die gebruik van die woord en dus ook in 'n mate aan die Bantoeras. Die Bantoe word beskou nie alleen as andersoortig nie, maar in 'n sekere sin ook as „minderwaardig".

2

Word daar nagegaan waar die beskouing van blanke „meerderwaardigheid" teenoor nie-blanke „minderwaardigheid" vandaan kom, word gevind dat die oorsprong ver terug in die geskiedenis lê. Vanaf die vroegste tye was beskaafde volke bewus daarvan dat hulle meerderwaardig bo die onbeskaafde te oorheers en te lei. Die onbeskaafdes is reeds om die rede deur die Grieke en Romeine „barbare" genoem.[2]

Toe daar grootskaalse ontdekkingsreise in die sestiende eeu onderneem is, het daar plaasgevind 'n kennismaking met onbekende of minder bekende volke van vreemde voorkoms, sedes en kultuur; volke op 'n veel laer trap van ontwikkeling en die vraag het ontstaan of hierdie wesens volwaardige mense was, wat dan die verhouding tot en die optrede teenoor hulle sou bepaal. „Die terminologie tot op die tyd van Rousseau en selfs veel later dui op 'n opvatting van Europese (blanke) meerderwaardigheid teenoor die gekleurde minderwaardigheid: barbare, wilde mense, kannibale, primitiewe mense, ens."[3]

* Hierdie tema is deur prof. F. A. van Jaarsveld in 1962 vir 'n M.A.-verhandeling aan die hand gedoen. Wat volg is 'n kort voorstudie daaroor. . Vergelyk sy *Lewende Verlede* (1962), p. 236 voetnoot 36: „Dit het dringend nodig geword dat 'n reeks studies onderneem word deur studente wat tot temas behoort te hê die beoordeling van die Boer deur Britte, die beoordeling van die Britte deur die Boer, en die verhouding tussen Engelse en Boere — nie staatkundige verhoudinge nie, maar bloot menslike verhoudinge. Dieselfde geld vir Blank/Nie-blank. Hoe is die Nie-blanke deur die oë van die Boere gesien en omgekeerd?"

1. *Verklarende Afrikaanse Woordeboek*, Pretoria, 1963.
2. F. A. van Jaarsveld: *Lewende Verlede*, Johannesburg, 1961, p. 229.
3. *Uit Een Bloed*, 'n Rapport aan en 'n Besluit van die Algemene Sinode van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika oor rasseverhoudinge, Potchefstroom, 1961, p. 8.

Gedurende die eerste vyftig jaar van die Suid-Afrikaanse geskiedenis, tree hierdie idee nie so sterk op die voorgrond nie. Dit is bekend dat daar in enkele gevalle ondertrouery tussen blank en nie-blank was, maar hoe langer en hoe meer daar van slawe-arbeid gebruik gemaak is, het die openbare mening 'n verandering ondergaan. Volgens Theal was dit reeds teen die einde van die sewentiende eeu 'n algemene opvatting aan die Kaap dat die swart ras in „slawerny" moes verkeer.[4]

As uitgangspunt sou geld die godsdiens van die blanke en Christen en heiden sou nie saam verkeer nie. Die gaping tussen blank en nie-blank sou met die verloop van tyd groter word. Daarmee sou saamval die verskil tussen beskaaf en onbeskaaf. Daar was dus in werklikheid 'n drieledige verskil.[5] Tog sou die nie-blanke, nieteenstaande sy minderwaardige posisie, as arbeidskrag op die lande, in die veld en in die kombuis welkom bly. Maatskaplik en staatkundig is hy voorregte ontsê en dit het die voorreg van die blanke geword om ten opsigte van hom, sy eie wette te maak en sy eie straf uit te deel.[6] Die „vervloekte ras van Gam" sou sy plek vind in die blanke samelewing as „houthakker en waterputter".

3

Probleme wat aan die Oosgrens in die verhouding tussen Boer en Bantoe ontstaan het, sou die Voortrekkers met hulle na die binneland saamdra. Dit is bekend dat Retief in sy Manifes genoem het dat die behoorlike verhouding tussen „heer en diensbode" daar gehandhaaf sou word. Anna Steenkamp noem as een van die oorsake van die Groot Trek, die gelykstelling van die nie-blankes met die Christene. Sy sien dit as, „ . . . strydig met die wette van God en die natuurlike onderskeid van afkoms en geloof".[7] Die Boer aan die Oosgrens het in botsing gekom met die leer van die liberalisme wat „vryheid" en „gelykheid" van alle mense verkondig het en die Bantoe en alle ander nie-blankes op 'n ander vlak geplaas het as wat toe reeds algemeen aanvaar is.

Dit was een van die redes van die Groot Trek en dit is te verstaan waarom die Trekkers dit by die verstiging van hulle republieke in die binneland duidelik gestel het dat die Bantoe 'n anderssoortige wese was, wat geen politieke regte sou hê nie en wat ekonomies, staatkundig en maatskaplik nie sy gelyke kon wees nie en „ . . . the established order was accepted calmly as an absolutely unchallengable matter of fact".[8] Hierdie beginsels is vasgelê in die Grondwet van 1858 in die Suid-Afrikaanse Republiek. Wat hierdie houding betref was die Boere nie 'n uitsondering nie, want die hele negentiende eeu het dit so aanvaar — die Engelse en die Amerikaners inkluis.

4. Aangehaal by I. D. MacCrone: *Race Attitudes in South Africa*, Johannesburg, 1957, p. 79.
5. G. D. Scholtz: *'n Swart Suid-Afrika?*, 1964, p. 61.
6. C. W. de Kiewiet: *A History of South Africa*, Londen, 1946, p. 23.
7. F. A. van Jaarsveld, a.w., p. 235.
8. J. A. I. Agar-Hamilton: *The Native Policy of the Voortrekkers*, Kaapstad, p. 88.

Slawerny as 'n instelling het in die dertiger jare van die negentiende eeu gesterf, maar die gedagte het bly voortlewe dat 'n deel van die mensdom daar gestel is om te werk nie vir hulself nie, maar in diens van hulle meerderes. So het die Boere die Bantoe in die binneland gesien en reeds op 8 Junie 1846 is by die Volksraad gekla, „omringd zijn wij van kaffers en zijn daarem ontbloot van volk".[9] Die wette teen die mishandeling van Bantoebediendes is bewys dat dit nodig was, maar dit bewys ook dat daar mense was wat bereid was om sulke wette te maak. Die Sandrivierse Konvensie van 1852 het voorsiening daarvoor gemaak dat die Boere nie slawehandel sou dryf nie en in 1853 reeds is sodanige wetgewing deur die Raad aangeneem.[10]

Die Boere was aan die ander kant ook verplig om alles af te weer wat vermenging met die barbaredom in die hand kon werk. 'n Klein groepie blankes wou hulle posisie verstewig temidde van Bantoestamme en hulle sienswyse is beïnvloed deur die feit dat hulle deur die barbaredom ondergeploeg kon word. Die Bantoes was vir hulle die *Kanaaniete* wat verdryf of onderwerp moes word. Dit was 'n onaanvegbare feit wat hulle aanvaar het en herinner aan die optrede van Cromwell se puriteine in Engeland.[11]

Na die militêre onderwerping van die Bantoe, word hy in die Suid-Afrikaanse Republiek — soos elders in Suid-Afrika — slegs as 'n *arbeidsinstrument* gesien. Die Boer se godsdiens het hom in die Republiek ook die reg toegesê om van die Bantoe te verwag om vir hom te werk. Soos in die Kaapkolonie, sou hulle vir die Transvalers „die vervloekte ras van Gam" bly, wat nie vatbaar sou wees vir die beskawing nie en volgens „Caledonia" in *De Volksstem*, van 14 April 1887, moes dit so aanvaar word, want „de mensch kan niet verbergen wat God heeft geopenbaard".[12] Volgens die sienswyse van die korrespondent was dit dus die wil van God dat die Bantoe onbeskaaf sou bly. Hy kon dus wat beskawing betref nie die gelyke van die blanke word nie. In Augustus 1897 het president Kruger nog in die Volksraad gesê: „Onze Grondwet wil geene gelijkstelling en gelijkstelling is ook tegen den Bijbel, want maatschappelijke standen zijn ook door den Heer daargesteld."[13]

Omdat daar deur die Staat beskerming aan hulle gegee is, is daar verpligte arbeid van sommige Transvaalse stamme verwag. Hierdie lewering van arbeidskragte het soms probleme vir die opperhoofde besorg, maar van die kant van die Staat is verwag dat hulle moes kom as hulle opgeroep word. Volgens kaptein Montsioa in 1863, was een van die redes vir die moeilikhede tussen die Boere en die Bantoes, die wyse waarop die Boere werkvolk van die Betsjuana-hoofde „afgepers" het. Die Zoeloes van Pongola

9. R116/46: Aangehaal by J. D. Huyser: *Die Naturelle-Politiek van die Suid-Afrikaanse Republiek* 1838-1877, ongepubliseerde verhandeling, p. 163.
10. J. A. I. Agar-Hamilton, a.w., p. 163.
11. Ibid., p. 117.
12. *De Volksstem*, 14 April 1887. Brief van „Caledonia" aan die Redakteur. Vgl. Van Jaarsveld, *Lewende Verlede*, p. 233-234 vir meer voorbeelde.
13. *Volksraadsnotule*, 12 Augustus 1897, art. 834.

het dieselfde klagte gehad.[14]

Dat die sg. „kommandeer" van werkvolk nie altyd op die billikste manier geskied het nie, word bewys deur die volgende: Toe kaptein Sjambok gedurende 1894 nie werkvolk verskaf het aan Boere van wie watervore weggespoel het, het genl. Piet Joubert, as Superintendent van Naturelle, self 'n onderhoud met hom gehad. Sjambok se verweer was dat as gevolg van die kosskaarste na die sprinkaanplaag, sy mense weg was om te werk. Hy het verklaar dat hy nie onwillig was om te help nie, maar sy mense was nie tuis nie. Genl. Joubert het hom 'n maand tyd gegee om te sorg vir 'n honderd werkvolk. Sjambok het gevra wat hy moes doen as hy nie die volk bymekaar kon kry nie. Die antwoord van genl. Joubert was: „Gij zijt kapitein en moet die vraag niet vragen."[15]

Hierdie optrede teenoor die Bantoe, moet nie gesien word in die lig dat hy deur die blanke doelbewus „onderdruk" is nie, maar dit hang saam met die opvatting en gees van die negentiende eeu. Vir die Transvaalse Boer en ook vir die Staat was die Bantoestamme daar om „diensbaar" te wees aan die Staat en die blanke bevolking.

Die beleid van die Suid-Afrikaanse Republiek, ten opsigte van die Bantoe, na 1884, sou beïnvloed word deur die Londense Konvensie wat op die 27ste November 1884, onderteken is.[16] Volgens artikel 8 van die Konvensie, het die Republiek die verklaring hernieu, wat in die Sandrivierse en Pretoriase Konvensies afgelê is, nl. dat geen slawerny gedoog sou word nie. Die Londense Konvensie sluit af met artikel 9 wat bepaal het dat die vryheid van die naturelle om onder sekere voorwaardes grond te koop, of op 'n andere wyse te bekom, gewaarborg word. 'n Lokasiekommissie moes aangestel word en reservate moes vir die inboorlingstamme afgebaken word. Hulles moes tot die howe toegelaat word en onder 'n passtelsel sou hulle vry binne die land kon beweeg, of die land met 'n wettige doel kon verlaat.

Aanvanklik was die burgers nie so gekant teen die afbakening van reservate nie, want daar is verwag dat die reservate te klein sou wees en dat die honger die Bantoes sou uitdryf om vir die Boere te kom werk, maar toe dit nie gebeur nie, het die reservate 'n doring in die vlees van die Transvalers geword. Daarom dat daar by wyse van memorie gevra is dat die reservate tog nie groter moes wees as wat deur die Londense Konvensie bepaal is nie.[17] Die feit dat die reservate aan die Bantoe 'n eie gebied gegee het, waar baie van hulle selfversorgend was, het nie gerym

14. F. A. van Jaarsveld: *Die Veldkornet en sy Aandeel in die opbou van die Suid-Afrikaanse Republiek tot* 1870, p. 212. (Argiefjaarboek vir die Suid-Afrikaanse Geskiedenis, Deel II, 1950.)
15. S.R.221/94: Onderhoud tussen Genl. Piet Joubert en Kaptein Sjambok.
16. *Locale Wetten der Z.A.R.* 1884-1885, p. 1250.
17. E.V.R.: R273/92: Memorie van J. F. Breet, L. A. Breet en 61 ander, d.d. wyk Hexrivier, Rustenburg, 2 April 1892, aan die Volksraad; E.V.R. R.518/92: Memorie van A. J. H. Grobler, J. J. Grobler en 257 ander, wyk Zwartruggens, Rustenburg, 6 April 1892, aan die Volksraad; E.V.R. R.259/92: Memorie van P. J. van Niekerk, D. J. Dutter en 95 ander, wyk Elandsrivier, Rustenburg, 19 April 1892, aan die Volksraad.

met die opvatting van die Transvaalse burgers nie, nl. dat hy nie genoeg of gladnie werkvolk gehad het nie.

Die naturellebeleid van die Suid-Afrikaanse Republiek word na die ondertekening van die Londense Konvensie uiteengesit in Wet. Nr. 4 van 1885. 'n Hele aantal ou wette word herroep, maar die belangrikste is die beginsel wat in die wet vasgelê word, nl. dat die Boere as die hoër beskaafde ras, optree as voog oor die Bantoe en verantwoordelikheid vir hom aanvaar.[18] In die inleiding tot die wet word dit duidelik gestel dat die voogdyskap sou duur tot die Bantoe in staat sou wees om die verantwoordelikheid van die beskaafde lewe op sy eie skouers te neem. Die beginsel word verder beklemtoon in artikel 13 van die wet, wat bepaal het dat die Staatspresident sou optree as „opperste opperhoofd" van die Bantoe.

In die praktyk was daar nie altyd duidelike blyke van die „voogdyskap" nie. Deur die staat is sekere gebiede erken as Bantoegebiede nog vóór die afbakening van die reservate, en waar die Boere soms in die gebiede ingedring het, is die reg van die Bantoe nie altyd in ag geneem nie. Goloeks van Sekoekoenistad het op 15 Augustus 1884 sy nood by die Superintendent van Naturelle gekla, want daar het Boere gekom wat beweer het dat die hele gebied plase is en hulle het „opgaaf" van hom geëis, terwyl hy deur die Regering as Opperhoof oor die gebied aangestel is. Half radeloos skryf die Opperhoof dat dit vir hom lyk asof daar nêrens 'n plek is waarheen hy met sy volk sal kan vlug nie. „De baase van de plaatse zijn kwaad, willen de vee wegdrijven."[19] Hierdie Boere het teen hulle beterwete in 'n erkende Bantoegebied gaan woon.

Uit Soutpansberg het naturellekommissaris[20] Oscar Dahl minder as 'n jaar later met soortgelyke klagte gekom. As 'n verantwoordelike amptenaar van die Republiek kan sy getuienis aanvaar word as hy skryf dat daar word, „ . . . inbreek gedaan op die Naturellen . . . tot nadeel van Volk en Land"[21] 'n Paar jaar later skryf kaptein Klein Zegob aan Oscar Dahl en sê dat die Boere hulle van alle kante „druk". Daar het 'n baas gekom wat sy beeste in hulle lande jaag en hulle koring afsny vir sy perd. Zegob vra of hy dan nie ook sy reservaat kan kry nie, want hy wil nie met die base stry oor die grond nie. Oscar Dahl bevestig dit en beweer dat vier of vyf ander opperhoofde ook kom kla het dat „occupanten" inbreuk maak op hulle grond. Hy pleit dat die reservate so gou as moontlik afgebaken moes word.[22]

Die Regering was juis gedurende hierdie tyd besig met die afbakening van die reservate, soos wat deur die Londense Konvensie bepaal is en

18. *Locale Wetten der Z.A.R.* 1884-1885, p. 1352.
19. S.R.430/84: R. Goloebs, d.d. Sekoekoenistad, 15 Augustus 1884, aan die Superintendent van Naturelle.
20. In die sg. „buite-distrikte" is die Superintendent van Naturelle bygestaan deur Naturellekommissarisse.
21. S.R.287/85: Oscar Dahl, d.d. Klipdam, 4 Mei 1885, aan die Superintendent van Naturelle.
22. S.R.329/89: Oscar Dahl, d.d. Klipdam, 11 Junie 1889, aan die Superintendent van Naturelle.

daarom dat naturellekommissaris Dahl vra dat die saak bespoedig moet word, want dan sou daar 'n skeidslyn tussen Boer en Bantoe wees. Aan die ander kant het dit nie meer so maklik gegaan vir almal om plase te bekom nie en dié Boere het dit nie as 'n oortreding beskou om plase aan te lê in 'n erkende Bantoegebied nie. Hulle was die „zonen des lands" en die „lyders voor het land" en daarom geregtig op plase — waar ook al. Hulle optrede moet ook gesien word in die lig van hulle beskouing van die Bantoe. Die Staat het beskerming aan hom verleen en in ruil daarvoor het hulle sy dienste verwag en nie dat hy in 'n Bantoegebied vir homself sou werk nie.

Gedurende die laaste kwart van die negentiende eeu en veral na die ontdekking van goud, toe die arbeidsvraagstuk in die Suid-Afrikaanse Republiek so akuut geword het, het die gedagte om die Bantoe „diensbaar" te maak, die oorheersende faktor geword in die verhouding tussen Boer en Bantoe.

In die Volksraad, by sy sitting van 1884, is ontevredenheid uitgespreek omdat daar „versameling" van groot getalle Bantoes, buite die reeds afgebakende reservate en erkende Bantoegebiede was en dat die Boer geen nut van hulle het nie. Die Bantoes het gewoon op die plase van maatskappye, regeringsgronde, sendingstasies en op privaat plase. Die negentiende eeuse Boer het nie besef dat dit 'n eeu-oue gewoonte van die Bantoe was om in groot groepe saam te woon nie — dit was sy stamlewe. Waar die Bantoes so saamgewoon het in die blanke gebied, spreek dit vanself dat hulle oortree het op van die omliggende plase en sommige Volksraadslede was die mening toegedaan dat die Bantoes meer „reg" het as die Boere.[23] Die Transvaalse Boer was baie skerp bewus van sy „reg" en wanneer dit aangetas is en veral deur die Bantoe was hy daartoe geroepe om die reg te beskerm.

Die feit dat die Bantoe vry kon beweeg van een plaas na die ander en dat hy, soos vóór die koms van die blankes, kon voortgaan om wild uit te roei en bome af te kap en sy „luilekker" lewe te voer was 'n grief vir die Boer, terwyl hyself intussen sonder werkvolk was.[24] Gedurende hierdie periode van arbeidskaarste het die Boere hulle griewe teen die Bantoe in die pers, in die Volksraad en by wyse van memorie gelug.

Die Boere wou graag sien dat die Bantoe weer onder die Boere moes woon om hom meer „dienstbaar te maken".[25] Hulle moes nie in reservate geplaas word nie, want daaruit sou meer kwaad as goed spruit.[26] Die saamwonery het hulle net meer geheg gemaak aan hulle „afgodery" en „bierpartye" en hulle sou al meer in armoede leef.[27] 'n Bantoe moes nie sonder rede van sy baas af kon wegtrek nie.[28] Om al die euwels te bekamp het die burgers gepleit vir 'n „dwangwet", wat aan elke burger vyf huis-

23. *Volksraadnotule,* 18 Augustus 1884, art. 162.
24. *De Volksstem,* 10 September 1885, „Inwoner" aan die Redakteur.
25. *De Volksstem,* 25 April 1887, korrespondent aan die Redakteur.
26. Ibid.
27. *De Volksstem,* 25 Augustus 1887, H. P. N. Pretorius aan die Redakteur.
28. C.R.307/87: J. J. Prinsloo, d.d. Brankhorstspruit, 28 Mei 1887, aan die Superintendent van Naturelle.

gesinne sou gee,[29] want deur so 'n wet sou die Bantoe tot „dienstbaarheid" gedwing word en die welvaart van die land sou bevorder word.[30] Uit hierdie uitsprake is dit duidelik dat daar by die Boer op daardie stadium net een gedagte voorop gestaan het en dit was dat hy genoeg werksvolk moes hê. Indien die groot getalle Bantoes in die Republiek op die plaas sou kom woon en werk, sou hulle vir die land 'n seën wees.

Daarom dus, dat daar vir die Boere net een oplossing was, nl. dat die oorblywende Bantoes, nadat die reservate afgebaken is, „verdeeld sou worden volgens wet".[31] Op die wyse sou daar 'n einde kom aan die „versameling" of „opeenhoping" van Bantoes en die Boere sou werkvolk kry. President Kruger was van mening: „Even als de blanken konden ze bijwoners zijn en even als de blanken den eigenaar der plaats behulpzaam wezen."[32] Die Boer wou die Bantoe as arbeidsinstrument inskakel in sy lewenswyse. Oor die ontstamming van die Bantoe, die opbreek van sy familielewe en die aftakeling van sy kultuur is daar in daardie stadium nie gedink nie.

In hoe 'n mate die werkskuheid of die sogenaamde onwilligheid van die Bantoe om te werk, vir die Boer 'n bron van ergenis was, kom duidelik uit waar daar gekla word oor die blanke kinders wat moes plaaswerk doen, wanneer daar nie genoeg werkvolk was nie.[33] Die Steenkampsbergers het in 'n memorie aan die Volksraad gekla dat daar duisende Bantoes in die distrik is, maar dat burgers gedwing word om hulle kinders uit die skool te hou en as veewagters en touleiers te gebruik. Voorts het hulle beweer dat die Regering geld mors deur dit aan onderwys te bestee want hulle kinders moes „kafferwerk" doen.[34] Die volgende jaar sou dieselfde versoek weer kom: „Edel Achtbare Heeren! Helpt ons toch opdat wij onze kinderen ter school kunnen zenden en niet langer als kaffers moeten gebruiken om staande te kunnen blyven."[35]

Uitsprake soos hierbo laat duidelik voel, die wye gaping tussen Boer en Bantoe. „Werk" is geassosieer met „kaffer" en die twee het feitlik sinoniem geword. Daarom dat dit vernederend was as die Boerekind moes werk, want dit het gewoonte geword om sekere vorms van werk as „kafferwerk" te bestempel.

As daar gelet word op die terminologie ten opsigte van die Bantoe gedurende hierdie periode dan word dit verder duidelik in watter lig hy gesien is. Dit verduidelik ook dat die terminologie van die twintigste eeu wat aan die begin aangehaal is, maar net 'n voortsetting is van dié van die negentiende eeu. In die offisiële dokumente is gewoonlik die woorde „naturel" of „kaffer" gebruik en soms „inboorlinge". In die volksmond

29. *De Volksstem*, 10 Oktober 1887, T. Smuts, d.d. Klipfontein, aan die Redakteur.
30. V.R.R.203/86: Memorie van N. H. S. Prinsloo en 206 ander, d.d. wyk Vaalrivier, Potchefstroom, aan die Volksraad.
31. V.R.R.46/87: Memorie van H. T. Bührman, F. W. Ernst en 26 ander, d.d. Ermelo, April 1887, aan die Volksraad.
32. *Volksraadsnotule*, 18 Augustus 1884, art. 162.
33. *De Volksstem*, 30 Desember 1886. Korrespondent aan die Redakteur.
34. E.V.R.R.479/93: Memorie van J. C. Bosman, P. J.van den Heever en 35 ander, d.d. distrik Lydenburg, 28 Maart 1893, aan die Volksraad.
35. E.V.R.R.637/94: Memorie van C. Potgieter, S. L. Combrink en 43 ander, d.d. Geluk, 6 Maart 1894, aan die Volksraad.

was dit feitlik uitsluitlik „kaffer", maar ook soms „skepsels" of „swartgoed". Hulle is gesien as „lui" wesens wat 'n „liederlike" lewe gelei het en net by die bierpotte „gelê" het. Hulle is beskou as nutteloos vir die beskawing omdat hulle nie wou kom werk op die plase nie. In die oë van die Boer kon die Bantoe alleen tot *beskawing* geraak, indien hy hom *diensbaar* wou stel.

Sommige Boere het die Bantoe nie op 'n veel hoër peil as 'n dier geplaas nie. Na die saamwoon van Bantoes in groepe is verwys as, „ . . . de verzameling van zulken Rottenesten".[36] Op 14 Februarie 1888, skryf ene Struben aan die Uitvoerende Raad in verband met oortollige huisgesinne op sy plaas: „Deze naturellen zijn op de plaats aangekomen (geboren) en wil gaarne blijven."[37] Nadat hy „aangekomen" geskryf het, het hy self, ter verduideliking „geboren" bygevoen. Na die Tweede Vryheidsoorlog sou J. J. van Staden nog voor die *Transvaal Labour Commission* getuig dat 'n Bantoe soos 'n perd is: „Jy moet hom eers vang en makmaak en inbreek."[38] Dit blyk ook uit die Boere se opvatting van straf vir die Bantoe. Onder die skuilnaam Job, skryf iemand aan die Redakteur van *De Volksstem* dat die Landdros van Pretoria sy werk met die helfte kon verminder, „door die legio van ongehoorsame schepsels op de rechte manier te straffen . . . Laat den kaffer het op zijn rug krijgen en gaan werken voor zijn kost."[39] Volgens die korrespondent was daar dus net een manier om die Bantoe te straf en dit was om lyfstraf toe te pas.

Die verslag van veldkornet P. F. Henderson, gedurende 1893, herinner aan die Manifes van Retief as hy skryf dat daar in sy wyk geen Bantoes is wat nie in diens is by hulle „heer en meester" nie; almal is woonagtig op hulle „meesters" woonplase en is behoorlik verhuur.[40] Vir die Regering sowel as vir die volk was dit die ideale toestand. As „heer en meester" wou hulle sien dat die Bantoe by hulle in diens staan.

Daar was geen geskrewe wet wat die Bantoe verplig het om te werk nie en daar was geen geskrewe wet wat die amptenare die reg gegee het om hom tot arbeid te dwing nie, maar in die praktyk het dit tog gebeur dat daar dwang uitgeoefen is. Veldkornet Schoeman van Lydenburg het Bantoes beboet toe hulle nie gekom het nadat hy hulle laat roep het, „ . . . om voor de arme menschen hier volkt te krijgen".[41] Veldkornet Schoeman se verweer toe daar navraag oor gedoen is, was dat die „balhorigheid" van die Bantoes deeglik gestraf moes word, want hulle het by hope versamel en daar was reeds gevalle waar dogters moes toulei.

Van regeringskant moes die Boere kort-kort op hulle vingers getik word omdat hulle van die standpunt uitgegaan het dat die Bantoe gedwing

36. V.R.R.226/87: Memorie van H. P. N. Pretorius en 101 ander, d.d. Pretoria, 26 Maart 1887, aan die Volksraad.
37. R.1709: H. W. Struben, d.d. Wilgespruit, 14 Februarie 1888, aan die Uitvoerende Raad.
38. *Report of the Transvaal Labour Commission,* 1903, p. 523.
39. *De Volksstem,* 26 Januarie 1892. Brief van „Job" aan die Redakteur.
40. S.R.643/93: Veldkornet P. F. Henderson, d.d. Vryheid, aan die Superintendent van Naturelle.
41. S.R.50/94: D. J. Schoeman, d.d. Lydenburg, 29 November 1893, aan H. Coetzee.

kon word om vir hulle te werk. Gedurende 1892 moes die Staatsprokureur selfs die Superintendent van Naturelle daaraan herinner. Op sy beurt moes die Superintendent van Naturelle dit weer stel aan naturellekommissaris, Abel Erasmus van Lydenburg, dat die burgers nie mag weier om 'n naturel te laat trek wat sy kontrak nagekom het nie; dat naturelle nie gedwing kon word om by 'n besondere persoon te gaan werk nie en dat naturellekinders nie van hulle ouers af mag weggeneem word nie.[42]

Selfs verantwoordelike persone, soos N. M. S. Prinsloo en P. J. Schutte, lede van die Eerste Volksraad en N. S. Malherbe, lid van die Tweede Volksraad, het die Superintendent van Naturelle teen die einde van 1893 gedreig, dat indien die burgers nie werkvolk kry nie, hulle verkeerde stappe sou doen, „ . . . en hun eigen regte te gebruiken om de Kaffers te doen werken indien ook met geweld".[43] Die dreigement word verder gevoer dat die burgers nie altyd die „brutaliteit" van die Bantoe sou verdra nie. Die „brutaliteit" was daarin geleë dat die naturelle geweier het om vir sekere Boere te kom werk en die vrees word uitgespreek dat as die toestand so voortduur die burgers ondergeskik sou raak aan die Bantoe. Die Boere wou graag volle beskikkingsreg hê oor die Bantoe en kon hulle nie vereenselwig met die beleid van die Regering dat die Bantoe nie gedwing kon word om te werk nie. Wanneer hulle hul dan magteloos gevoel het teenoor die Bantoe was die vrees aanwesig dat die Boere deur die Bantoe uitgeboer kon word. In hierdie sin was die negentiende eeuse Boer bewus van 'n „naturellevraagstuk".

Terwyl die burgers van Middelburg-distrik gedurende 1894 op militêre diens was na Noord-Transvaal, het sekere opperhoofde geweier om werkvolk aan die agtergeblewe gesinne te gee. Staatsprokureur Ewald Esselen se advies was om die Bantoes op te kommandeer vir militêre diens — wat wettig was — en hulle dan die keuse te gee om óf op die plase te gaan werk óf na die oorlogsterrein te gaan. Op 17 Augustus 1894, kon vanuit die Middelburgse distrik verslag gedoen word dat 390 Bantoes reeds as werkvolk na die verskillende wyke gestuur is.[44] Aan die Lydenburgers het die Staatsprokureur presies dieselfde advies gegee en daaraan toegevoeg: „Het commandeeren voor dienst op de plaatsen is onwettig niet tegenstaande gewoonte of gebruik."[45] Die Staatsprokureur was dus bewus daarvan dat daar so 'n gewoonte was, maar die houding van die Regering was dat solank daar nie klagte gekom het nie, hulle dit maar oogluikend toegelaat het.

Gedurende die negentiger jare van die vorige eeu word daar van verskeie kante verwys na die wyse waarop die Boere hulle werkvolk behandel het. 'n Korrespondent het op 2 Februarie 1892 in *De Volksstem*, as een van die redes aangegee waarom die Bantoe so traag en onlustig was om

42. S.R.188/92: Superintendent van Naturelle, d.d. Pretoria, aan Naturellekommissaris Abel Erasmus.
43. S.R.1527/93: N. M. S. Prinsloo, P. J. Schutte, N. S. Malherbe, d.d. Klerksdorp, 27 November 1893, aan die Superintendent van Naturelle.
44. S.R.1239/94: Die Waarnemende Naturellekommissaris, d.d. Midelburg, 17 Augustus 1894, aan die Superintendent van Naturelle.
45. S.R.1328/94: Ewald Esselen, d.d. Pretoria, 24 Augustus 1894, aan die Superintendent van Naturelle. (Afskrif.)

te werk die feit dat: „Een ieder weet dat er vele gevallen zijn dat kaffers voor hun dienst nooit betaald worden."[46] Veldkornet Bester kon in sy verslag van 1893 getuig dat enige burger wat sy werkvolk „christelik" behandel, altyd genoeg werkvolk het.[47] In dieselfde gees skryf die Landdros van Vryheid gedurende Maart 1894 aan genl. Joubert, dat sommige burgers hulle diensbodes so behandel dat dit onmoontlik is om die Bantoes te dwing om by hulle te bly.[48]

Daar kon nie as gevolg van 'n paar gevalle, soos hierbo genoem, veralgemeen word en beweer word dat die Boere oor die algemeen nie hulle diensbodes goed behandel het nie, maar getuienis van die kant van die Duitse sending, toe hulle advies oor die arbeidsvraagstuk gevra is aan die einde van 1894, dui ook daarop dat die „behandeling" van die Bantoe deur die Boer nie altyd billik was nie. Indien die behandeling van die Bantoe streng was en strawwe soms wreed, moet onthou word dat die Boer gedurende die 19de eeu selfs teenoor sy eie kinders baie streng opgetree het en hulle swaar gestraf het. Daar is nie doelbewus met die Bantoe so gehandel omdat hy in 'n „minderwaardige" posisie teenoor die blanke gestaan het nie.

Die Bantoe in die Suid-Afrikaanse Republiek is gedurende die laaste helfte van die negentiende eeu nie anders gesien en die verhouding tot hom en die optrede teenoor hom was nie anders nie as elders in Suid-Afrika, of selfs nie anders as dié van die Blanke in die Westerse wêreld teenoor die Nie-blanke nie. Hy is nie sonder rede deur Kipling „the White man's burden" genoem nie.

B. J. Krüger.

46. *De Volksstem*, 2 Februarie 1892. Brief van „Z" aan die Redakteur.
47. S.R.643/93.
48. S.R.137/94.